A copy of the amendment is open for inspection during normal office hours at the office of the Town Secretary for a period of 14 days from the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

Any person who desires to record his objection to the amendment of the said by-laws, must do so in writing to the Town Clerk within 14 days after the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

P.R. BOSHOFF,
Town Clerk.

Town Hall,
P.O. Box 45,
Nelspruit.
1200.
29 July, 1981.
Notice No. 80/81.

765—29

STADSRAAD VAN NELSPRUIT.

WYSIGING VAN VERORDENINGE.

Kennis geskied hiermee, ingevolge die bepalings van artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Nelspruit van voorneme is om die Verordeninge vir die Heffing van Gelde met Betrekking tot die Inspeksie van enige Besigheidsperseel, soos voorsien in artikel 14(4) van die Ordonnansie op Lisensies, 1974, van die Munisipaliteit Nelspruit, afgekondig by Administrateurskennisgewing 1217 van 16 Julie 1975, te wysig.

Die algemene strekking van die wysiging is om die tariewe in ooreenstemming te bring met die soos voorgeskryf in die Ordonnansie op Lisensies, 1974.

Afskrifte van hierdie wysiging lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadsekretaris vir 'n tydperk van 14 dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant.

Enige persoon wat beswaar teen die wysiging van die genoemde verordeninge wens aan te teken, moet dit skriftelik aan die Stadsklerk rig binne 14 dae na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant.

P.R. BOSHOFF,
Stadsklerk.

Stadhuis,
Posbus 45,
Nelspruit.
1200.
29 Julie 1981.
Kennisgewing Nr. 81/81.

TOWN COUNCIL OF NELSPRUIT.

AMENDMENT TO BY-LAWS.

Notice is hereby given in terms of section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Nelspruit intends to amend the By-laws for the Levying of Fees Relating to the Inspection of any Business Premises, as contemplated in section 14(4) of the Licences Ordinance, 1974, of the Nelspruit Municipality, published under Administrator's Notice 1217 dated 16 July, 1975.

The general purport of the amendment is to bring the tariffs in accordance with that of the Licences Ordinance, 1974.

Copies of the amendment are open for inspection during normal office hours at the office of the Town Secretary for a period of 14 days from the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

Any person who desires to record his objection to the amendment of the said by-laws, must do so in writing to the Town Clerk within 14 days after date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

P.R. BOSHOFF,
Town Clerk.

Town Hall,
P.O. Box 45,
Nelspruit.
1200.
29 July 1981.
Notice No. 81/81.

766-29

STADSRAAD VAN NELSPRUIT.

WYSIGING VAN VERORDENINGE.

Kennis geskied hiermee, ingevolge die bepalings van artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Nelspruit van voorneme is om die Verordeninge Betreffende die Reëling en Beheer van en die Toesig oor Straatverkopers, afgekondig by Administrateurskennisgewing 89 van 3 Februarie 1965, soos gewysig, te herroep en die Verordeninge Betreffende die Reëling en Beheer van en die Toesig oor Smouse te aanvaar.

'n Afskrif van hierdie verordeninge lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadsekretaris vir 'n tydperk van 14 dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant.

Enige persoon wat beswaar teen die wysiging van die verordeninge wens aan te teken, moet dit skriftelik by die Stadsklerk doen binne 14 dae na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant.

P.R. BOSHOFF,
Stadsklerk.

Stadhuis,
Posbus 45,
Nelspruit.
1200.
29 Julie 1981.
Kennisgewing No. 82/81.

TOWN COUNCIL OF NELSPRUIT.

AMENDMENT OF BY-LAWS.

Notice is hereby given in terms of section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Nelspruit intends to revoke the By-laws for Regulating, Supervising and Controlling Street Vendors, promulgated under Administrator's Notice No. 89 dated 3 February, 1965, as amended, and to adopt the By-laws Regarding the Regulating and Control of, and the Supervision of Hawkers.

A copy of the amendment of these by-laws is open for inspection during normal office hours at the office of the Town Secretary for a period of 14 days from the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

Any person who desires to record his objection to the amendment of the by-laws, must do so in writing to the Town Clerk within 14 days after date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

P.R. BOSHOFF,
Town Clerk.

Town Hall,
P.O. Box 45,
Nelspruit.
1200.
29 July 1981.
Notice No. 82/81.

767—29

STADSRAAD VAN NIGEL.

KENNISGEWING VAN ALGEMENE EIENDOMSBELASTING EN VAN VASGESTELDE DAG VAN BETALING TEN OPSIGTE VAN DIE BOEKJAAR 1 JULIE 1981 TOT 30 JUNIE 1982.

Kennis word hiermee gegee ingevolge artikel 26(2) van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Besture, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977) dat die volgende algemene eiendomsbelasting ten opsigte van bogenoemde boekjaar gehef is op belasbare eiendom in die waarderingslys opgeteken:

(a) op die terreinwaarde van enige grond of op die terreinwaarde van reg in grond ingevolge artikel 21(3)(a) van genoemde Ordonnansie: 7,95 sent in die Rand.

(b) op die waarde van verbeterings geleë op grond kragtens myntitel gehou wat nie grond in 'n goedgekeurde dorp geleë is nie, waar sodanige grond vir woondoeleindes of vir doeleindes wat nie tot mynbedrywighede bykomstig is nie, deur iemand wat betrokke is in mynbedrywighede of sodanige persoon die houer van die myntitel is, al dan nie, gebruik word, ingevolge artikel 23 van genoemde Ordonnansie: 1,67 sent in die Rand.

(c) waar van toepassing, die glyskaal ingevolge artikel 22 van genoemde Ordonnansie.

Ingevolge die bepalings van artikel 21(4) van die genoemde Ordonnansie word 'n korting van 25 %, gelykstaande aan 1,9875 sent in die Rand toegestaan ten opsigte van eiendomsbelasting gehef op die terreinwaarde van grond of 'n reg in grond gehef ingevolge artikel 21(3)(a) wat ingevolge die Nigel-dorpsaanlegskema, 1963, gesoneer is as „Algemene" — of „Spesiale Woon" of die gebruik waarvoor die grond aangewend word by „Spesiale Woon" of „Algemene" woonerwe tuishoort.

Die bedrag verskuldig vir eiendomsbelasting soos in artikel 27 van genoemde ordonnansie beoog is op 1 Oktober 1981 betaalbaar.

Rente teen 11,25 persent per jaar sal op alle agterstallige bedrae wat op 30 Junie 1982 nog nie betaal is nie gehef word en wanbetalers is onderhewig aan regsproses vir die invordering van sodanige agterstallige bedrae.

P.M. WAGENER,
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,
Nigel.
29 Julie 1981.
Kennisgewing No. 119/1981.

TOWN COUNCIL OF NIGEL.

NOTICE OF GENERAL RATES AND OF FIXED DAY FOR PAYMENT IN RESPECT OF THE FINANCIAL YEAR 1 JULY, 1981 TO 30 JUNE, 1982.

Notice is hereby given in terms of section 26(2) of the Local Authorities Rating Ordinance (Ordinance 11 of 1977) that the following general rates have been levied in respect of the abovementioned financial year on rateable property recorded in the valuation roll:

(a) on the site value of any land or right in land in terms of section 21(3)(a) of the said ordinance: 7,95 cents in the Rand.

(b) on the improvements situated upon land held under mining title, not being land in an approved township, where such land is used for residential purposes or for purposes not incidental to mining operations by a person engaged in mining operations, whether such person is the holder of the mining title or not, in terms of section 23 of the said ordinance 1,67 cents in the Rand.

(c) where applicable, the sliding scale in terms of section 22 of the said ordinance.

In terms of section 21(4) of the said ordinance, a rebate of 25 %, equal to 1,9875 cents in the Rand is granted in respect of the rates levied in respect of the site value of land or right in land in terms of section 23(a) of the ordinance, which is zoned as "General" or "Special Residential" in terms of the Nigel Town-planning Scheme, 1963, or land having regard to "General" or "Special Residential" purposes.

The amount in respect of assessment rates as contemplated in section 27 of the Ordinance is payable on 1 October, 1981.

Interest of 11,25 percent per annum will be levied on all amounts in arrear on 30 June, 1982, and defaulters are liable to legal proceedings for recovery of such arrear amounts.

P.M. WAGENER,
Town Clerk.

Municipal Offices,
Nigel.
29 July, 1981.
Notice No. 119/1981.

768—29

STADSRAAD VAN NIGEL.

VASSTELLING VAN GELDE VIR DIE UITREIKING VAN SERTIFIKATE EN VERSTREKKING VAN INLIGTING.

Ingevolge die bepalings van artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekend gemaak dat die Stadsraad van Nigel by spesiale besluit die Gelde vir die Uitreiking van Sertifikate en Verstrekking van Inligting soos in die onderstaande Bylae uiteengesit met ingang 29 Julie 1981 vasgestel het.

P.M. WAGENER,
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,
Posbus 23,
Nigel.
29 Julie 1981.
Kennisgewing No. 115/1981.

BYLAE.

1. Tariewe vir uitreiking van sertifikate.
Tensy anders bepaal, moet elke applikant vir die uitreiking deur die raad van enige sertifikaat wat ingevolge die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, soos gewysig, met uitsondering van die verklaring in artikel 50 genoem, of enige ander Ordonnansie wat van toepassing is op die raad, 'n bedrag van twintig (20) sent betaal vir elke sertifikaat wat uitgereik word.

2. Tariewe vir die voorsiening van inligting.
Tensy anders bepaal, moet elke applikant vir inligting uit die raad se dokumente, die volgende gelde betaal vir enige inligting wat verstrek word, met dien verstande dat inligting wat vereis word, deur die regering van die Republiek van Suid-Afrika, provinsiale owerheid, of ander plaaslike bestuur, of deur enige eienaar ten opsigte van eiendom wat op sy eie naam geregistreer is, kosteloos verstrek word.

(i) Vir die verskaffing van die verklaring in artikel 50 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, genoem: R2.

(ii) Vir die verskaffing van enige ander sertifikaat: 20c.

(iii) Vir die opsoek van naam en adres van persoon of beskrywing van eiendom: 75c.

(iv) Vir insae in enige akte, dokument, kaart of die verstrekking van inligting in verband daarmee: R2.

(v) Vir endossemente op Verklaring deur Koper vorms: R2.

(vi) Vir skriftelike inligting: Benewens die gelde in sub-items (3) en (4) vermeld, vir elke folio van 150 woorde of gedeelte daarvan, uitgesonderd soos deur artikel 33 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 bepaal: 50c.

(vii) Vir voordurende soek na inligting:

(i) Vir die eerste uur of gedeelte daarvan: R5.

(ii) Daarna, vir elke uur of gedeelte daarvan: R2-50.

(viii) Vir die voorsiening van 'n gespesifiseerde rekening, ander dan die normale masjienrekening: R2.

(ix) Verstrekking van besonderhede ten opsigte van goedgekeurde bouplanne maandeliks: per jaar: R12.

(x) Fotokopieë, A4 grootte: 10c elk met 'n minimum heffing van 50c.

(xi) Vlakdrukafdrukke: vir die eerste 5 afdrukke 50 sent daarna per bladsy: 2 sent.

29 Julie 1981.

TOWN COUNCIL OF NIGEL.

DETERMINATION OF CHARGES FOR THE ISSUE OF CERTIFICATES AND FURNISHING OF INFORMATION.

In terms of the provisions of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939, it is hereby notified that the Town Council of Nigel has by special resolution determined the Charges for the Issue of Certificates and Furnishing of Information as set out in the undermentioned Schedule, with effect from 29 July, 1981.

P.M. WAGENER,
Town Clerk.

Municipal Offices,
P.O. Box 23,
Nigel.
29 July 1981.
Notice No. 115/1981.

SCHEDULE.

1. Fees for issue of certificate.

Except where otherwise provided, every applicant for the issue by the Council of any certificate under the Local Government Ordinance, 1939, as amended, with the exception of the statement mentioned in section 50, or any other Ordinance applicable to the Council shall pay an amount of 20c (twenty cents) for every certificate issued.

2. Fees for furnishing of information.

Except where otherwise provided, every applicant for information from any of the Council's records, shall pay the following fees, for any information furnished, provided that information which is required by the Union Government, or any provincial or local authority, or by any person in respect of property registered in his own name or by any duly authorised agent for the purpose of effecting payment of any rates which might be due and payable, shall be given free of charge.

(i) For the furnishing of the statement mentioned in section 50 of the Local Government Ordinance, 1939: R2.

(ii) For the furnishing of any other certificate: 20c.

(iii) For the search of any name and address of a person or the description of property: 75c.

(iv) For the inspection of any deed, document, diagram or the furnishing of information in respect thereof: R2.

(v) For endorsements on "Declaration of Purchaser" forms: R2.

(vi) For written information: In addition to the fees mentioned under (i) and (ii) for every folio of 150 words or part thereof: R2.

(vii) For continuous search for information:

(i) For the first hour or part thereof: R5.

(ii) Thereafter, for every hour or part thereof: R2-50.

(viii) For the furnishing of a specified account other than the normal machine accounts: R2.

(ix) Furnishing of particulars in respect of approved building plans monthly, per annum: R12.

(x) Photo copies, A4 size: 10c each with a minimum charge of 50c.

(xi) Offset copies: for the first 5 copies 50c thereafter per page 2c.

29 July, 1981.

769—29

STADSRAAD VAN NIGEL.

SLUITING VAN STRATE.

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 67 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Nigel voornemens is om, onderhewig aan die goedkeuring van die Administrateur, gedeeltes van Breytenbachstraat tussen Segalweg en Eerstelaan, sowel as Segalweg tussen Breytenbach- en Hendrik Verwoerdstraat, Nigel, permanent te sluit.

Verdere besonderhede van die voorgenome sluiting asook 'n plan waarop die liggig van die betrokke strate aangedui word, is ter insae in die kantoor van die Stadsekretaris gedurende gewone kantoorure.

Enigeen wat beswaar teen die voorgenome sluiting wil opper of wat enige eis tot skadevergoeding sal hê indien sodanige sluiting uitgevoer word moet sodanige beswaar of eis, na gelang van die geval, voor of op Maandag 28 September 1981 om 12h00 skriftelik by die ondergetekende indien.

P.W. WAGENER,
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,
Nigel.
29 Julie 1981.
Kennisgewing No. 117/1981.

TOWN COUNCIL OF NIGEL.

CLOSING OF STREETS.

Notice is hereby given in terms of section 67 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Nigel intends, subject tot the approval of the Administrator, to close portions of Breytenbach Street between Segal Road and First Avenue as well as Segal Road between Breytenbach- and Hendrik Verwoerd Street, Nigel, permanently.

Further particulars of the proposed closing as well as a plan indicating the situation of the streets are open to inspection at the office of the Town Secretary during normal office hours.

Any person who wishes to raise any objections or who will have any claim for compensation if such closing is carried out must lodge such objection or claim, as the case may be, with the undersigned in writing on or before 12 noon on Monday 28 September, 1981.

P.M. WAGENER,
Town Clerk.

Municipal Offices,
Nigel.
29 July 1981.
Notice No. 117/81.

770—29

PLAASLIKE BESTUUR VAN ORKNEY.

KENNISGEWING VAN ALGEMENE EIENDOMSBELASTING EN VASGESTELDE DAG VIR BETALING TEN OPSIGTE VAN DIE BOEKJAAR 1 JULIE 1981 TOT 30 JUNIE 1982.

Kennis word hiermee gegee dat ingevolge artikel 26(2)(a) van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Besture, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977), die volgende algemene eiendomsbelasting vir die boekjaar 1981/82 gehef is op belasbare eiendom in die waarderingslys opgeteken:

(a) Ingevolge artikel 21(3)(a) en onderhewig aan die goedkeuring van die Administrateur: Op die terreinwaarde van grond of reg in grond: 8c in die Rand per jaar.

(b) Ingevolge artikel 23: Benewens die algemene eiendomsbelasting op die terreinwaarde van grond of die terreinwaarde van 'n reg in grond soos in artikel 21(3)(a) beoog, 'n eiendomsbelasting van 1,67c in die Rand per jaar op die waarde van verbeteringe geleë op grond kragtens myntitel gehou, wat nie grond in 'n goedgekeurde dorp is nie, waar sodanige grond vir woondoeleindes of vir doeleindes wat nie tot mynbedrywighede bykomstig is nie, deur iemand wat betrokke is in mynbedrywighede, of sodanige persoon die houer van die myntitel is al dan nie, gebruik word.

Ingevolge artikel 21(4) van die genoemde Ordonnansie word die volgende kortings toegestaan op eiendomsbelasting wat ooreenkomstig paragraaf (a) hierbo gehef is:

(i) 'n Korting van 12,5 % ten aansien van grond waarop een ten volle voltooide woonhuis asook voltooide bybehorende buitegeboue op dieselfde grond, soos op 1 Julie 1981, opgerig is, welke grond en die geboue daarop slegs vir woondoeleindes gebruik word; met dien verstande dat:

(i.i) enige aanbouings aan en verbouings van sodanige bestaande voltooide geboue soos op 1 Julie 1981 of gedurende die 1981/82-boekjaar, nie 'n diskwalifikasie vir die toestaan van sodanige korting sal wees nie; en

(i.ii) die gemelde korting slegs van toepassing sal wees op belasbare eiendom wat bestaan uit 'n erf in 'n goedgekeurde dorp.

(ii) Behoudens die goedkeuring van die Administrateur, 'n verdere korting van 12,5 % ten aansien van eiendom waarvan die geregistreerde eienaar 'n pensioentrekker is, onderworpe aan die volgende voorwaardes:

(ii.i) Aansoekers moet op 1 Julie 1981 minstens 65 jaar oud wees in die geval van mans en minstens 60 jaar in die geval van dames.

(ii.ii) 'n Aansoeker moet die geregistreerde eienaar en okkupant van die betrokke eiendom wees en die eiendom moet op die datum van aansoek uitsluitlik gebruik word vir die akkommodasie van een gesin en die woonhuis mag slegs vir woondoeleindes gebruik word.

(ii.iii) Die gemiddelde maandelikse inkomste van die aansoeker en sy/haar eggenote/eggenoot vir die finansiële jaar 1981/82 mag nie R500 oorskry nie en indien die inkomste die bedrag van R500 oorskry gedurende die jaar, verval die korting vanaf die maand wat die inkomste sodanige bedrag van R500 oorskry het.

(ii.iv) Indien foutiewe inligting verstrek is met betrekking tot die maandelikse inkomste van die applikant, sal normale eiendomsbelasting terugwerkend gehef word vanaf datum van korting plus rente teen 11,25 % per jaar.

(ii.v) Die voorafgaande besonderhede moet by wyse van 'n beëdigde verklaring bevestig word.

(ii.vi) Die korting sal alleenlik geld ten opsigte van daardie eiendomme waar slegs een woonhuis opgerig is.

Verskuldigde bedrae ten aansien van eiendomsbelasting, soos beoog in artikels 26 en 27 van voormelde Ordonnansie is verskuldig op 1 Julie 1981 en is soos volg betaalbaar:

50 % van die verskuldige bedrag voor of op 1 Oktober 1981; en die balans van die verskuldigde bedrag voor of op 1 April 1982;

Voorts met dien verstande dat enige eienaar van grond of persoon wat vir die betaling van eiendomsbelasting verantwoordelik is en wat verkies om eiendomsbelating maandeliks te betaal, aldus met die Stadstesourier kan reël, mits die laaste betaling verskuldig en betaalbaar, voor of op 1 April 1982 geskied.

Die rioolfooie wat ingevolge die Raad se tarief van fooie gehef is, is verskuldig en betaalbaar gelyktydig met eiendomsbelasting op dieselfde basis soos hierbo uiteengesit.

Rente bereken teen 11,25 % per jaar word op alle agterstallige bedrae ten aansien van eiendomsbelasting en rioolfooie gehef.

M.S. JACOBSZ,
Waarn. Stadsklerk.

Burgersentrum,
Patmoreweg,
Orkney.
2620.
29 Julie 1981.
Kennisgewing No. 21/1981.

LOCAL AUTHORITY OF ORKNEY.

NOTICE OF GENERAL ASSESSMENT RATES AND FIXING A DAY FOR PAYMENT IN RESPECT OF THE FINANCIAL YEAR 1 JULY, 1981 TO 30 JUNE, 1982.

Notice is hereby given in terms of section 26(2)(a) of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance 11 of 1977), that the following assessment rates in respect of the financial year 1981/82 have been levied on rateable property recorded in the valuation roll:

(a) In terms of section 21(3)(a) and subject to the approval of the Administrator: On the site value of the land or on the site value of the right in land: 8c in the Rand per annum.

(b) In terms of section 23: In addition to the general rate on the site value of a right in land

as contemplated in section 21(3)(a), a rate of 1,67c in the Rand per annum on the value of any improvements situated upon land held under mining title, not being land in an approved township, where such land is used for residential purposes or for purposes not incidental to mining operations by a person engaged in mining operations whether such person is the holder of the mining title or not.

In terms of section 21(4) of the said ordinance the following rebates are granted on assessment rates levied as set out in paragraph (a) above:

(i) a Rebate of 12,5 % is granted in respect of land accommodating one fully completed dwelling house and appurtenant completed outbuildings on the same land as at 1 July 1981, which land shall be used for residential purposes only; provided that:

(i.i) any additions and alterations to such existing buildings as at 1 July 1981, or during the Financial Year, shall not be a disqualification for the granting of such rebate; and

(i.ii) the said rebate shall only be applicable to rateable property being an erf in a proclaimed township.

(ii) A further rebate of 12,5 % will be granted where the registered owner is a pensioner subject to the following conditions and the approval of the Administrator:

(ii.i) Applicants must be at least 65 years of age in the case of men and 60 years in the case of women as at 1 July 1981.

(ii.ii) The applicant must be the registered owner and occupier of the property concerned and on the date of the application the property must be used solely for the accommodation of one family and the dwelling must be used for residential purposes only.

(ii.iii) The average monthly income of the applicant and her/his wife/husband for the financial year 1981/82 may not exceed R500 and if the income exceeds the amount of R500 during the year, the rebate will lapse from the month that the income exceeds the amount of R500.

(ii.iv) If the applicant submitted erroneous information with regard to his monthly income normal assessment rates will be levied with retrospective effect of the date of the rebate plus interest at 11,25 % per annum.

(ii.v) The aforementioned details must be confirmed by way of a sworn affidavit.

(ii.vi) The rebate will be effective only on those properties where only one dwelling is situated on same.

The amounts due for assessment rates as set out in sections 26 and 27 of the said Ordinance, become due on the 1 July 1981 and is payable as follows:

50 % of the assessment rates due on or before 1 October, 1981 and the balance on or before 1 April, 1982. The owner of land or person responsible for the payment of assessment rates desiring to pay the assessment rates in monthly instalments can make such arrangements with the Town Treasurer provided that the last payment to be due and payable on or before 1 April 1981.

The sewerage fees levied in terms of the Council's tariff of charges are due and payable simultaneously with the assessment rates on the same basis as set out in this notice.

Interest at 11,25 % per annum will be levied on all amounts in respect of assessment rates and sewerage fees in arrear.

M.S. JACOBSZ,
Act. Town Clerk.

Civic Centre,
Patmore Road,
Orkney.
2620.
29 July, 1981.
Notice No. 21/1981.

771—29

STADSRAAD VAN ORKNEY.

WYSIGING VAN VERORDENINGE.

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, soos gewysig dat die Stadsraad van Orkney van voorneme is om:-

1. Die Watervoorsieningsverordeninge van die Munisipaliteit Orkney, aangeneem by Administrateurskennisgewing 1946 van 28 Desember 1977, soos gewysig verder te wysig deur voorsiening te maak vir 'n tarief betaalbaar deur verbruikers van 18c per kiloliter of gedeelte daarvan.

Die bepalings van hierdie wysiging is reeds ingevolge artikel 81(1A) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, gehef en is van toepassing vir alle rekenings gelewer ten opsigte van lesings geneem en dienste gelewer vanaf 1 Julie 1981.

2. Die Elektrisiteitsverordeninge van die Munisipaliteit Orkney, aangeneem by Administrateurskennisgewing 1580 van 13 September 1972, soos gewysig, verder te wysig deur voorsiening te maak vir 'n tarief betaalbaar deur verbruikers van 3,4636c per kW.h elektrisiteit verbruik gelewer aan grond vermeld in item 1(1)(a) van die Tarief van Gelde en 5,2424c per kW.h elektrisiteit verbruik gelewer aan grond vermeld in item 1(1)(b) van die Tarief van Gelde en tree in werking vir alle rekenings gelewer ten opsigte van meteraflesings geneem vanaf 1 November 1981.

3. Die Verordeninge Betreffende Vaste Afval en Saniteit, afgekondig by Administrateurskennisgewing 1407 van 20 September 1978 soos gewysig, verder te wysig om voorsiening te maak vir 'n algemene hersiening van die verordeninge en tariewe soos met ingang van 1 Oktober 1981.

Afskrifte van die voorgestelde wysiging lê van Maandag tot en met Vrydag, tussen die ure 08h00 tot 17h00, veertien dae lank, vanaf die datum waarop hierdie kennisgewing in die Offisiële Koerant van die Provinsie Transvaal verskyn, te Kamer 124, Burgersentrum, Patmoreweg, Orkney, ter insae.

Iemand wat teen die voorgestelde wysiging beswaar wil aanteken, moet sy beswaar binne 14 (veertien) dae van die datum waarop hierdie kennisgewing in die Offisiële Koerant van die Provinsie Transvaal verskyn, maar in elk geval nie later nie as 12 Augustus 1981, skriftelik by die ondergetekende indien.

M.S. JACOBSZ,
Waarn. Stadsklerk.

Burgersentrum,
Patmoreweg,
Orkney.
2620.
29 Julie 1981.
Kennisgewing No. 20/1981.

TOWN COUNCIL OF ORKNEY.

AMENDMENT OF BY-LAWS.

Notice is hereby given in terms of section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, as amended, that the Town Council of Orkney intends:

1. To amend the Water Supply By-laws of the Municipality, adopted under Administrator's Notice 1946 dated 28 December 1977, as amended, to make provision for a tariff payable by consumers of 18c per kilolitre water of part thereof. The provisions of this amendment have already been levied in terms of section 81(1A) of the Local Government Ordinance, 1939, and are applicable for all accounts rendered in respect of readings taken and services rendered from 1 July 1981.

2. To amend the Electricity By-laws of the Orkney Municipality, adopted under Administrator's Notice 1580, dated 13 September 1972, as amended, to make provision for a tariff payable by consumers of 3,4636c per kW.h consumed in respect of electricity supplied to land mentioned in item 1(1)(a) of the Tariff of Charges and 5,2424c per kW.h consumed in respect of electricity supplied to land mentioned in item 1(1)(b) of the Tariff of Charges and shall come into effect for all accounts rendered in respect of meter readings taken from 1 November 1981.

3. To amend the Refuse (Solid Wastes) and Sanitary By-laws, published under Administrator's Notice 1407 dated 20 September 1978, as amended, to make provision for a general revision of the by-laws and tariffs and shall come into effect on the 1 October 1981.

Copies of the proposed amendment will be open for inspection between the hours 08h00 and 17h00 on Mondays to Fridays inclusive at Room 124, Civic Centre, Patmore Road, Orkney, for 14 (fourteen) days from the date of publication of this notice in the Official Gazette of the Province of Transvaal.

Any person who desires to record his or her objections to the proposed amendment, must do so in writing to reach the undersigned within 14 (fourteen) days after the date of publication of this notice in the Official Gazette of the Province of Transvaal, however not later than 12 August 1981.

M.S.JACOBSZ,
Act. Town Clerk.

Civic Centre,
Patmore Road,
Orkney.
2620
29 July 1981.
Notice No. 20/1981.

772—29

STADSRAAD VAN PIET RETIEF.

KENNISGEWING VAN ALGEMENE EIENDOMSBELASTING EN VAN VASGESTELDE DAG VIR DIE BETALING TEN OPSIGTE VAN DIE BOEKJAAR 1 JULIE 1981 TOT 30 JUNIE 1982.

Kennis word hierby gegee ingevolge die bepalings van artikel 26(2)6a) van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Besture, 1977, dat die eiendomsbelasting soos hieronder uiteengesit, deur die Stadsraad van Piet Retief vir die boekjaar 1981 tot 30 Junie 1982 gehef is op die terreinwaarde van alle belasbare eiendomme binne die munisipale gebied soos dit in die waardasielys verskyn:

1. 'n Oorspronklike belasting van 'n half sent (c) in die Rand (R).

2.'n Addisionele belasting van twee-en-'n-half sent (2c) in die Rand (R).

3. Behoudens die goedkeuring van die Administrateur, 'n verdere addisionele belasting van twaalf sent (12c) in die Rand (R).

Een helfte van die belasting aldus gehef is *betaalbaar voor of op 30 September 1981 en die* ander helfte voor of op 31 Maart 1982. Belastingbetalers wat verkies om die verskuldigde belasting in tien (10) maandelikse paaiemente te betaal, kan aldus met die Stadstesourier reël, mits betaling van die laaste paaiement verskuldig *geskied voor of op 30 Junie 1982.* Belastingbetalers wat nie rekenings ten opsigte van die belasting hierbo genoem ontvang nie, word versoek om met die Stadstesourier in verbinding te tree aangesien die nie-ontvangs van 'n rekening niemand van aanspreeklikheid vir die betaling van sodanige belasting vrywaar nie en geregtelike stappe kan summier teen wanbetaling ingestel word.

Rente bereken teen tien persent (10 %) per jaar sal vanaf 1 Julie 1982 gehef word op alle *belastings verskuldig wat nie op 31 Desember* 1981 en 30 Junie 1982 betaal is nie.

M.C.C. OOSTHUIZEN,
Stadsklerk.

Posbus 23,
Piet Retief.
2380.
Telefoon: 2211.
29 Julie 1981.
Kennisgewing No. 41/1981.

TOWN COUNCIL OF PIET RETIEF.

NOTICE OF GENERAL RATES OF ASSESSMENT AND OF FIXED DAY FOR PAYMENT IN RESPECT OF BOOK YEAR 1ST JULY 1981 TO 30TH JUNE 1982.

Notice is hereby given in terms of section 26(2)(a) of the Local Government Authorities Rating Ordinance, 1977, that the following assess*ment rates on the site value of all rateable prop*erty within the municipality, as appearing in the valuation roll, have been imposed by the Council for the financial year 1st July 1981 to 30th June 1982:

1. An orginal rate of one half cent (c) in the Rand (R).

2. An additional rate of two and a half cent (2c) in the Rand (R).

3. Subject to the approval of the Administrator, a further additional rate of twelve cents (12c) in the Rand (R).

One half of the rates imposed as set out above shall become due and payable on or before the 30th September, 1981, and the other half on or before the 31st March, 1982.

Ratepayers desiring to do so, may arrange with the Town Treasurer for the payment of rates in ten (10) monthly instalments, the last monthly instalment to be due and payable on or before the 30th June 1982.

Ratepayers who do not receive accounts in respect of the assessment rates referred to above, are requested to contact the Town Treasurer as the non-receipt of accounts shall not exempt anyone from the liability for payment of such *rates and summary legal proceedings may be in*stituted against any defaulters.

Interest at the rate of ten per cent (10 %) per annum will be levied as from the 1st July, 1982, on all rates unpaid on the 31st December, 1981 and 30th June, 1982.

M.C.C. OOSTHUIZEN,
Town Clerk.

P.O. Box 23,
Piet Retief.
2380.
Telephone: 2211.
29 July, 1981.
Notice No. 41/1981.

773—29

STADSRAAD VAN POTCHEFSTROOM.

VOORGENOME PERMANENTE SLUITING VAN 'N GEDEELTE VAN PARYSLAAN-OOS-DIENSPAD POTCHEFSTROOM.

Kennis geskied hiermee ooreenkomstig die bepalings van artikels 67 en 68 van die ordonnansie op Plaaslike Bestuur No. 17 van 1939, soos gewysig, dat die Stadsraad van Potchefstroom besluit het om 'n gedeelte van die Paryslaan-oos-dienspad groot + – 2 600 vk. m. permanent te *sluit ten einde voorsiening te maak vir die verkoop* van die gedeelte van Paryslaan-oos-dienspad wat gesluit staan te word aan die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-oos vir kerklike- en parkeerdoeleindes.

'n Plan wat die gedeelte van Paryslaan-oos-dienspad wat gesluit sal word, aantoon, sal gedurende kantoorure ter insae lê by die kantoor van die Stadsekretaris, Kamer 310, Munisipale Kantore, Wolmaransstraat, Potchefstroom vir 'n tydperk van 60 dae gereken vanaf 29 Julie 1981.

Enige persoon wat beswaar wens te maak teen die voorgenome permanente sluiting van die onderhawige padgedeelte moet sodanige skriftelike beswaar indien by die kantoor van die ondergetekende voor of op 29 September 1981.

S.H. OLIVIER,
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,
Potchefstroom.
29 Julie 1981.
Kennisgewing No. 63/81.

TOWN COUNCIL OF POTCHEFSTROOM.

PROPOSED PERMANENT CLOSING OF A PORTION OF PARYS AVENUE-EAST SERVICE ROAD, POTCHEFSTROOM.

Notice is hereby given in terms of the provisions of sections 67 and 68 of the Local Government Ordinance No. 17 of 1939, as amended, that the Town Council of Potchefstroom has resolved to close permanently a portion of Parys Avenue-east service road, measuring + – 2 600 sq. m.

The permanent closing of the above portion of ground will enable the Town Council of Potchefstroom to sell to the Reformed Church, Potchefstroom-east that portion of Parys Avenue-east service road to be closed, for church and parking purposes.

A plan indicating the portion of Parys Avenue-east service road to be closed permanently will lie for inspection during office hours at the offices of *the Town Secretary, Room 310, Municipal* Buildings, Wolmarans Street, Potchefstroom, for a period of 60 days as from 29 July, 1981.

Any person who wishes to object to the proposed permanent closing of the relevant road portion must lodge such objection in writing with the undersigned on or before 29 September, 1981.

S.H. OLIVIER,
Town Clerk.

Municipal Offices,
Potchefstroom.
29 July, 1981.
Notice No. 63/81.

774—29

MUNISIPALITEIT VAN SCHWEIZER-RENEKE

VASSTELLING VAN GELDE.

Brandstofpompe, lugpompe en watertoestelle op sypaadjies.

Ingevolge die bepalings van artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur 17 van 1939, word hierby bekend gemaak dat die Munisipaliteit van Schweizer-Reneke by spesiale besluit die tariewe soos in die onderstaande Bylae uiteengesit vanaf 1 Mei 1981 vasgestel het.

TARIEF VAN GELDE.

Vir iedere brandstofpomp op sypaadjie, per jaar of gedeelte daarvan	R50-00
Vir iedere watertoestel op sypaadjie, per jaar of gedeelte daarvan	R 5-00
Vir iedere lugpomp op sypaadjie, per jaar of gedeelte daarvan	R 5-00

N.T.P. VAN ZYL,
Stadsklerk.

Munisipale Kantoor,
Schweizer-Reneke,
29 Julie 1981.
Kennisgewing No. 14/81.

SCHWEIZER-RENEKE MUNICIPALITY.

DETERMINATIONS OF CHARGES.

Fuel pumps, water and air apparatuses on the side-walk.

In terms of the provisions of section 80B(8) of the Local Government Ordinance (Ordinance 17 of 1939), it is hereby notified that the Municipality of Schweizer-Reneke has by special resolution determined the charges as set out in the undermentioned Schedule with effect from 1 May, 1981.

TARIFF OF CHARGES.

For each fuel pump on the side-walk, per year or part thereof	R50-00
For each water apparatus on the side-walk, per year or part thereof	R 5-00

For each air apparatus on the side-walk, per year or part thereof... R 5·00

N.T.P. VAN ZYL,
Town Clerk.

Municipal Office,
Schweizer-Reneke,

29 July, 1981.
Notice No. 14/81.
775—29

MUNISIPALITEIT SANNIESHOF.

VASSTELLING VAN GELDE VIR DIE UITREIKING VAN SERTIFIKATE EN DIE VERSKAFFING VAN INLIGTING.

Ingevolge artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939), word hierby bekendgemaak dat die Dorpsraad van Sannieshof by spesiale besluit die gelde soos in die bygaande Bylae uiteengesit met ingang 1 Julie 1981 vasgestel het.

C.J. UPTON,
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,
Sannieshof.
29 Julie 1981.

BYLAE.

DIVERSE FOOIE.

	R
1. Goedkeuring van bouplanne.....	10·00
2. Goedkeuring van bouplanne, aanbouiings/veranderings	2·00
3. Verskaffing van suigputplan.....	2·00
4. Betonwerke: Koste plus 10 %.....	
5. Huur betonmenger per dag of gedeelte daarvan.....	15·00
6. Skraperdiens per uur of gedeelte daarvan.....	25·00
7. Sny van gras onbeboude erwe per erf.....	15·00
8. Administrasiekoste.....	1·00
9. Padkodes.....	1·00

SANNIESHOF MUNICIPALITY.

DETERMINATION OF CHARGES IN RESPECT OF THE FIXING OF FEES FOR THE ISSUING OF CERTIFICATES AND FURNISHING OF INFORMATION.

In terms of the provisions of section 80(B)(8) of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939), it is hereby notified that the Village Council of Sannieshof has by special resolution determined the charges as set out in the Schedule below with 1 July 1981 as the date of coming into operation.

C.J. UPTON,
Town Clerk.

Municipal Offices,
Sannieshof.
29 July 1981.

SCHEDULE.

SUNDRY FEES.

	R
1. Approval of building plans.....	10·00
2. Approval of building plans — addition/alterations	2·00
3. Supply of sewerage plans.....	2·00
4. Concrete services: cost plus 10 %	
5. Rent concrete mixer per day or part thereof.....	15·00
6. Grader services per hour or part thereof	25·00
7. Mowing of grass per vacant stand	15·00
8. Administration cost.....	1·00
9. Learner driver's guide.....	1·00

776—29

DORPSRAAD VAN SANNIESHOF.

VASSTELLING VAN GELDE TEN OPSIGTE VAN ELEKTRISITEIT.

Ingevolge artikel 80(B)(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939), word hierby bekend gemaak dat die Dorpsraad van Sannieshof by spesiale besluit die gelde soos in die onderstaande Bylae uiteengesit vasgestel het met ingang 1 Julie 1981.

C.J. UPTON,
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,
Sannieshof.
29 Julie 1981.

BYLAE.

TARIEF VAN GELDE.

DEEL I.

Basiese heffing.

1. Waar enige erf, standplaas, perseel of ander terrein, munisipale eiendom uitgesluit, met of sonder verbeterings by die hooftoevoerleiding aangesluit is of, na die mening van die Raad, daarby aangesluit kan word, is 'n basiese heffing van R8 per maand of gedeelte daarvan ten opsigte van elke sodanige erf, standplaas, perseel of ander terrein deur die eienaar of okkupant betaalbaar: Met dien verstande dat waar daar op 'n erf, standplaas, perseel of ander terrein meer as een verbruiker is, 'n basiese heffing ten opsigte van elke sodanige verbruiker betaalbaar is, ongeag die metode waarvolgens die meting van krag na die betrokke erf, standplaas, perseel of ander terrein geskied.

DEEL II.

TARIEF VIR DIE LEWERING VAN ELEKTRISITEIT.

2. (1) Huishoudelike verbruikers.

Hierdie tarief is van toepassing op die volgende:

(a) Woonhuise.

(b) Losieshuise of hotelle, uitgesonderd hotelle ingevolge die drankwet gelisensieer.

(c) Woonstelle wat afsonderlik gemeter word.

(d) Verpleeginrigtings en hospitale.

(e) Tehuise en liefdadigheidsinrigtings.

(f) Koshuise.

(g) Klubs, uitgesonderd klubs ingevolge die drankwet gelisensieer.

(h) Kerke en kerksale uitsluitlik vir openbare aanbidding gebruik.

(i) Pomptoestelle waar die water wat gepomp word uitsluitend vir huishoudelike doeleindes gebruik word op persele wat ingevolge hierdie tarief krag ontvang.

(j) 'n Gebou of afsonderlike gedeelte van 'n gebou uitsluitend vir woondoeleindes gebruik.

(k) Plase, vir huishoudelike doeleindes en vir doeleindes wat met boerderybedrywighede in verband staan:
ENERGIEHEFFING: Eerste 100 kW.h gratis; daarna per kW.h 3,1c.

(2) Handels-, nywerheids- en algemene verbruikers.

Hierdie tarief is van toepassing op elektrisiteit wat teen lae spanning aan die volgende verbruikers gelewer word:

(a) Winkels.

(b) Handelshuise.

(c) Kantoorgeboue.

(d) Hotelle, ingevolge die drankwet gelisensieer.

(e) Kroeë.

(f) Kafees, teekamers of restaurante.

(g) Gekombineerde winkels en teekamers.

(h) Openbare sale.

(i) Klubs, ingevolge die drankwet gelisensieer.

(j) Nywerheids- of fabrieksondernemings.

(k) Onderwysinrigtings, uitgesonderd koshuise met afsonderlike meters.

(l) Geboue of gedeeltes van geboue wat 'n aantal van die voorafgaande indelings omvat en waarvan die verbruik afsonderlik deur die Raad gemeet word.

(m) Alle verbruikers, uitgesonderd dié alreeds ingevolge 'n ander item onder hierdie Bylae omskryf.

Groep	Tipe Verbruiker	Vaste Heffing per maand of gedeelte daarna	Energieheffing
2a	Enkelfase, toevoer beperk tot 80A	R 6,00	EERSTE 100 kW.h GRATIS DAARNA PER kW.h. 3,5c
2b	Driefase, toevoer beperk tot 60A	R 23,00	
2c	Driefase, toevoer onbeperk	E110,00	

(3) *Hoogspanning grootmaatverbruikers.*

Die Raad behou die reg om verbruikers met 'n beraamde aanvraag van meer as 75 kV.A met hoogspaning te bedien. Die volgende gelde is betaalbaar:

(a) Vaste heffing per maand of gedeelte daarvan: R230.

(b) Maksimum aanvraag heffing, per kV.A per maand of gedeelte daarvan gemeter oor enige tydperk van 30 minute: R6-50.

(c) Energieheffing: Eerste 100 kW.h gratis; daarna per kW.h 2,1c.

(4) Munisipale tarief.

Elektrisiteitsverbruik, soos gemeet deur kW.h-meters: Teen koste.

(5) Verbruikers buite die munisipaliteit.

(a) Alle verbruikers aan wie elektrisiteit voorsien word buite die munisipaliteit, maar binne die elektrisiteitsdistribusie gebied van die Raad, betaal die toepaslike tarief ingevolge subitems (1), (2) en (3).

(b) Benewens die gelde ingevolge paragraaf (a), word 'n toeslag van 10 % gehef op alle gelde onder hierdie item.

DEEL III.

AANSLUITINGSGELDE.

3. (1) Vir 'n Laagspanningsaansluiting. Werklike koste van sodanige aansluiting plus 10 %.

(2) Vir 'n Hoogspanningsaansluiting:

(a) moet die verbruiker:

(i) die substasiegebou verskaf volgens die Raad se vereistes;

(ii) sy eie transformator verskaf volgens Raadsspesifikasie;

(iii) sy eie laagspanningskakeltuig verskaf;

(iv) 'n aansluitingsgeld van R650 betaal;

(v) indien hy verlang dat die substasie op 'n *ander posisie as die grens naaste aan die* Raad se stelsel geleë moet wees, aanspreeklik wees vir alle bykomstige koste wat daardeur ontstaan;

(b) moet die Raad:

(i) die hoogspanningskakeltuig verskaf;

(ii) die metertoebehore insluitend stroomtransformators en spanningtransformators verskaf;

(iii) die hoogspanningskabel tot by die grens van die verbruiker se perseel verskaf; en

(iv) die arbeid vir die installering van die hoogspanningskakeltuig, meters en kabels verskaf

DEEL IV.

DIVERSE GELDE.

4. (1) Heraansluitingsgelde.

Vir die heraansluiting van die elektrisiteitstoevoer soos onder artikel 1 van die verordeninge beoog: R5.

(2) Geld vir ondersoek van verbruikersfoute.

Indien daar gevind word dat 'n kragonderbreking na 'n verbruiker te wyte is aan 'n fout in die verbruiker se installasie, of aan die foutiewe werking aan apparate in verband met die installasie *gebruik, vir elke sodanige ondesoek:* R2.

(3) Geld vir spesiale meterlesing.

Vir alle spesiale meterlesings op versoek van die verbruiker gedoen: R1.

(4) Geld vir toets van elektriese meters.

Vir elke metertoets soos bedoel onder artikel 9 van hierdie verordeninge: R3.

(5) Addisionele ondersoek en toets van installasies.

Vir elke daaropvolgende ondersoek en/of toets van installasie wat deur die onvolledigheid of gebreke aan so 'n installasie genoodsaak word, welke bedrag vooruit betaalbaar is: R5.

29 Julie 1981.

VILLAGE COUNCIL OF SANNIESHOF.

DETERMINATION OF CHARGES IN RESPECT OF ELECTRICITY.

In terms of the provisions of section 80(B)(8) of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 or 1939), it is hereby notified that the Village Council of Sannieshof has by special resolution determined the charges as set out in the undermentioned Schedule with effect from 1 July, 1981.

C.J. UPTON,
Town Clerk.

Municipal Offices,
Sannieshof.
29 July, 1981.

SCHEDULE.

TARIFF OF CHARGES.

PART I.

BASIC CHARGE.

1. Where any erf, stand, lot or other area, excluding municipal property, with or without improvements is, or in the opinion of the Council, can be connected to the supply main, a basic charge of R8 per month or part thereof per erf, stand, lot or other area shall be payable by the owner or occupier: Provided that where any erf, stand, lot of other area, is occupied by more than one consumer, the basic charge shall be payable by each such consumer irrespective of the method whereby the metering of electricity to such erf, stand, lot or other area is effected.

PART II.

TARIFF FOR THE SUPPLY OF ELECTRICIY.

2. (1) Domestic consumers.

This tariff shall apply to the following:

(a) Dwelling-houses.

(b) Boarding-houses and hotels other than hotels licensed under the liquor act.

(c) Flats which are individually metered.

(d) Nursing homes and hospitals.

(e) Homes and charitable institutions.

(f) Hostels.

(g) Clubs other than clubs licensed under three liquor act.

(h) Churches and church *halls used exclusively* for public worship.

(i) Pumping plant where the water pumped is used exclusively for domestic purposes on premises receiving a supply under this tariff.

(j) A building or separate section of a building used exclusively for residential purposes.

(k) Farms, for domestic purposes and purposes incidental to farming operations.
Energy charge: First 100 kW.h No Charge; Thereafter per kW.h 2,1c.

(2) Commercial, industrial and general consumers.

This tariff shall be applicable for electricity supplied at low voltage to the following consumers:

(a) Shops.

(b) Stores.

(c) Blocks of offices.

(d) Hotels, licensed under the liquor act.

(e) Bars.

(f) Cafés, tearooms or restaurants.

(g) Combined shops and tearooms.

(h) Public halls.

(i) Clubs licensed under the liquor act.

(j) Industrial or manufacturing concerns.

(k) Educational institutions, excluding any hostel metered separately.

(l) Buildings or portions of buildings comprising a number of the above classifications, the consumption of which is metered separately by the Council.

(m) All consumers other than those defined under another item of this Schedule.

Group	Type of Consumer	Fixed Charge per month or part thereof	Energy Charge per KW.h
2a	Single-phase, supply limited to 80A	R 6,00	FIRST 100 kW.h
2b	Three-phase, supply limited to 60A	R 23,00	NO CHARGE
2c	Three-phase, supply unlimited	R110,00	THEREAFTER 3,5c

(3) High voltage bulk consumers.

The Council reserves the right to supply Consumers at high voltage if their estimated demand exceeds 75 kV.A.

The following charges shall be applicable:

(a) Fixed charge, per month or part thereof: R230.

(b) Maximum demand charge, per kV.A per month or part thereof metered over any period of 30 minutes: R6-50.

(c) Energy charge: First kW.h No Charge: Thereafter per kW.h 2,1c

(4) Municipal tariff.

Electricity consumption, as measured by kW.h meters: At cost.

(5) Consumers outside the municipality.

(a) All consumers outside the municipal boundary, but within the supply area of the municipality, shall be charged under the tariff applicable in terms subitems (1), (2) and (3).

(b) In addition to the charges in terms of paragraph (a), a surcharge of 10 % shall be levied on all charges under this item.

PART III.

CONNECTION FEES.

3. (1) For a low voltage connection:

(a) the consumer shall:

(i) provide the substation building in accordance with the Council's requirements;

(ii) provide his own transformer to the Council's specification;

(iii) provide his own low tension switchgear;

(iv) pay a connection fee of R650; and

(v) in the event of his wishing to erect the substation at a position on his premises other than at the boundary nearest to the Council's system, be liable for all additional costs incurred as a result thereof;

(b) the Council shall provide:

(i) the high voltage switchgear;

(ii) all metering apparatus including current transformers and voltage transformers;

(iii) the high voltage cable up to the boundary of the consumer's premises; and

(iv) all labour required for the installation of the high voltage switchgear, meters and cables.

PART IV.

MISCELLANEOUS FEES.

4. (1) Reconnection fees.

For the reconnection of the electricity supply as envisaged under section II of the by-laws: R5.

(2) Fee for attendance to consumer's faults.

Where the failure of supply to a consumer is found to be due to a fault in the consumer's installation or to faulty operation of apparatus used in connection therewith, for each such attendance: R2.

(3) Fee for special reading of meter.

For all special meter readings requested by the consumer: R1.

(4) Fee for testing of electricity meters.

For each meter test as envisaged under section 9 of these by-laws: R3.

(5) Subsequent inspection and testing of installation.

For each subsequent inspection and/or test of an installation which is necessitated by the incompleteness or defectiveness of such installation, payable in advance: R5.

29 July, 1981.

777—29

DORPSRAAD VAN SANNIESHOF.

VASSTELLING VAN GELDE TEN OPSIGTE VAN SANITÊRE- EN VULLISVERWYDERING.

Ingevolge artikel 80(B)(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939) word hierby bekend gemaak dat die Dorpsraad van Sannieshof by spesiale besluit die gelde soos in die onderstaande Bylae uiteengesit vasgestel het met ingang 1 Julie 1981.

C.J. UPTON,
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,
Sannieshof.
29 Julie 1981.

BYLAE.

1. Vullisverwyderingsdiens.

(Vullisbak beteken 'n standaard vullisbak, voorsien deur die Raad teen kosprys).

(1)(a) Een keer per week, wonings en privaat persele, per vullisblik, per maand: R2-50.

(1)(b) Twee keer per week, wonings en privaat persele, per vullisblik, per maand: R3-50.
(3) No person shall introduce into or keep in the abattoir, any furniture, fittings, machinery or equipment, except with the prior written approval of the manager. If no approval is obtained or if the approval is withdrawn, such article shall be removed from the abattoir and if not removed within 7 days after the despatch to the said person or his authorized agent by prepaid registered post or written notice by the manager requiring such removal, the article shall be removed and disposed of by the Council in any manner it thinks fit.

verkoop daarvan moet aan die eienaar uitbetaal word nadat enige bedrag wat die eienaar verskuldig is aan onkoste verbonde aan die opberg, vervoer of verkoop daarvan, eers afgetrek is.

Verkeersreëlings.

18.(1) Niemand mag met 'n voertuig vinniger as 10 km/h in die abattoir terrein ry of iemand daarmee laat ry nie.

(2) Niemand mag 'n voertuig op 'n ander plek as wat die bestuurder aanwys, binne die slagplaas parkeer nie.

(3) Niemand mag 'n voertuig langs die laaiplatform laat staan nie, tensy so 'n voertuig gelaai of afgelaai word.

Sindelikheid.

19.(1) Elkeen wat 'n sluitkas gebruik wat die Raad verskaf, moet so 'n sluitkas tot voldoening van die bestuurder in 'n sindelike toestand hou.

(2) Niemand mag vuilgoed of rommel elders in die abattoir as in die houers wat die Raad vir die doel verskaf het, gooi of neersit nie.

Vermorsing van Water.

20. Niemand wat in die abattoir werksaam is, mag moedswillig of op nalatige wyse water vermors nie, maar moet toesien dat die kraan onmiddellik na gebruik behoorlik toegemaak word.

Wegruiming van Afval.

21. Geen pote, pens, afval of ander ingewande mag vir langer as twee ure nadat die dier geslag is in die abattoir gelaat word nie en alle pote, pense, afval of ander ingewande wat nie soos voorgeskryf, verwyder word nie, moet volgens opdrag van die bestuurder mee weggedoen word.

Bloed en Mis.

22. Alle bloed, mis en ander afval behoort aan die Raad.

Weiering van Toegang.

23. Niemand mag binne die munisipaliteit enige dier soos omskryf in die Wet, op enige ander plek as in die abattoir slag of laat slag, of toelaat dat dit daar geslag word nie, en niemand mag die vleis van beeste, skape, bokke, varke of ander diere wat buite die munsipaliteit geslag is, verkoop of vir verkoop uitstal, laat verkoop of vir verkoop laat uitstal of toelaat dat dit gedoen word nie, tensy sodanige beeste, skape, bokke, varke of ander diere geslag is op die plekke wat deur die Raad goedgekeur is: Met dien verstande dat geen bepaling in hierdie artikel vervat, beskou moet word as 'n vrystelling van inspeksie, brandmerk of stempel van sodanige geslagte diere nie.

Gelde.

24.(1) Die gelde vir die gebruik van die abattoir is dié wat die Minister van tyd tot tyd kragtens artikel 21 van die Wet vasstel, en wat op die hoofkennisgewingbord in die kantoor van die bestuurder in die abattoir vertoon word.

The proceeds of any sale of such article shall be paid to the owner after the deduction therefrom of any amount due by the owner in respect of the storage, transport or sale thereof.

Regulation of Traffic.

18.(1) No person shall drive or cause to be driven any vehicle within the abattoir site at a speed exceeding 10 km/h.

(2) No person shall park any vehicle within the abattoir elsewhere than at a place allotted by the manager.

(3) No person shall leave any vehicle next to the loading platform unless such vehicle is being loaded or off-loaded.

Cleanliness.

19.(1) Every person using a locker provided by the Council shall keep such locker in a clean condition to the satisfaction of the manager.

(2) No person shall throw or deposit any refuse or litter in any place in the abattoir elsewhere than in the receptacles provided by the Council for that purpose.

Wasting Water.

20. No person engaged in the abattoir shall wilfully or carelessly waste water, but shall cause the tap to be properly turned off immediately after he has finished using same.

Disposal of Offal.

21. No feet, tripe, offal or other entrails shall be left in the abattoir for longer than 2 hours after the animal is slaughtered and all feet, tripe, offal or other entrails not removed as prescribed shall be disposed of as the manager may direct.

Blood and Manure.

22. All blood, manure and other refuse shall belong to the Council.

Refusal of Admission.

23. No person shall slaughter or cause or suffer to be slaughtered within the municipality, any animal as defined in the Act at any place other than in the abattoir and no person shall sell or expose for sale or cause or suffer to be sold or exposed for sale, the flesh of cattle, sheep, goats, pigs or other animal slaughtered outside the municipality, unless such cattle, sheep, goats, pigs or other animal have been slaughtered at places approved of by the Council: Provided that nothing in this section contained shall be deemed to exempt such slaughtered animals from examination, branding or stamping.

Charges.

24.(1) The charges for the use of the abattoir shall be as fixed by the Minister from time to time in terms of section 21 of the Act, and as displayed on the principal notice board in the office of the manager at the abattoir.

(2) Elke slagter wat van die abattoir gebruik maak, moet by die Raad 'n kontant deposito vir die betaling van sodanige gelde stort of 'n goedgekeurde waarborg vir die betaling van sodanige gelde verstrek, of andersins moet sodanige slagter maandeliks die gelde aan die Raad vooruitbetaal. Die juiste bedrag van sodanige deposito, vooruitbetaalbare gelde of waarborg word van tyd tot tyd deur die Raad bepaal met inagneming van die aantal diere wat oor die voorafgaande tydperk van ses maande deur sodanige slagter geslag is.

(3) Elkeen wat van die abattoir gebruik maak en wat nie besigheid as 'n slagter doen nie, moet alle vorderings kontant betaal.

(4) Niemand wat in gebreke bly om die kontant deposito of waarborg te gee, of om die slagfooie vooruit te betaal word toegelaat om enige slagting by die abattoir te doen nie.

Strafbepaling.

25. Iemand wat 'n bepaling van hierdie verordeninge oortree of wat versuim om daaraan te voldoen, of wat veroorsaak of toelaat of duld dat iemand anders dit oortree of versuim om daaraan te voldoen, begaan 'n misdryf, en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R200 of, by wanbetaling, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 6 maande.

Herroeping van Verordeninge.

26. Die Slaghuis Bywette van die Munisipaliteit Zeerust, afgekondig by Administrateurskennisgewing 347 van 6 Junie 1928, soos gewysig, word hierby herroep.

PB. 2-4-2-2-41

Administrateurskennisgewing 810 15 Julie 1981

MUNISIPALITEIT BALFOUR: SANITÊRE EN VULLISVERWYDERINGSTARIEF.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Sanitêre en Vullisverwyderingstarief van die Munisipaliteit Balfour, soos beoog by artikel 19(a) van Hoofstuk 1 onder Deel IV van die Publieke Gesondheidsverordeninge van die Raad, afgekondig by Administrateurskennisgewing 148 van 21 Februarie 1951, is soos volg:

SANITÊRE EN VULLISVERWYDERINGSTARIEF.

1. *Verwydering van Vullis.*

(1) Vir die verwydering van vullis vanaf enige perseel, uitgesonderd soos in subitem (2) bepaal, twee keer per week:

Per blik, per maand of gedeelte daarvan: R3,90.

(2) Vir die verwydering van vullis ten opsigte van die Administrasieraad, twee keer per week:

Per blik, per maand of gedeelte daarvan: R2.

(3) Vir die gebruik van 'n standaardvullisblik deur die Raad verskaf:

Per blik, per maand of gedeelte daarvan: 10c.

(2) Any slaughterman who makes use of the abattoir shall pay a cash deposit or submit an approved guarantee to the Council for the payment of such charges or otherwise such slaughterman shall pay the charges monthly in advance to the Council. The exact amount of such deposit, prepayable charges or guarantees shall be determined from time to time by the Council and shall be determined in accordance with the number of animals which were slaughtered over the immediately preceding period of six months by such slaughterman.

(3) Every person who makes use of the abattoir and who does not do business as a butcher, shall pay all charges in cash.

(4) No person who fails to give the cash deposit or guarantee or who fails to pay the slaughter charges in advance, shall be permitted to do any slaughtering at the abattoir.

Penalties.

25. Any person who contravenes or fails to comply with, or who causes, permits or suffers any other person to contravene or fail to comply with any provision of these by-laws, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R200 or, in default of payment, imprisonment for a period not exceeding 6 months.

Revocation of By-laws.

26. The Abattoir By-laws of the Zeerust Municipality, published under Administrator's Notice 347, dated 6 June, 1928 as amended, are hereby revoked.

PB. 2-4-2-2-41

Administrator's Notice 810 15 July, 1981

BALFOUR MUNICIPALITY: SANITARY AND REFUSE REMOVALS TARIFF.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Sanitary and Refuse Removals Tariff of the Balfour Municipality, as contemplated by section 19(a) of Chapter 1 under Part IV of the Public Health By-laws of the Council, published under Administrator's Notice 148, dated 21 February, 1951, shall be as follows:

SANITARY AND REFUSE REMOVALS TARIFF.

1. *Removal of Refuse.*

(1) For the removal of refuse from any premises, except as provided in subitem (2), twice weekly:

Per bin, per month or part thereof: R3,90.

(2) For the removal of refuse in respect of the Administration Board, twice weekly:

Per bin, per month or part thereof: R2.

(3) For the use of a standard refuse bin provided by the Council:

Per bin, per month or part thereof: 10c.

2. *Verwydering van Vullis wat nie onder item 1 Ressorteer nie.*

Vir die verwydering van bakstene, gras, sand, snoeisel van bome of heinings, tuinvullis of enige materiaal wat nie huishoudelike vullis is nie:

Beraamde koste van werk verrig, plus 'n toeslag van 10 % op sodanige bedrag.

3. *Verwydering van Rioolwater en Afvalwater.*

(1) Waar rioolwater of afvalwater per vakuumtenkwa verwyder word:

Per k*l* of gedeelte daarvan: R1,30.

(2) Waar rioolwater of afvalwater, uitgesonderd soos in subitem (3) bepaal, na oksidasiedamme gepomp word:

Per k*l* of gedeelte daarvan: 40,95c (hoeveelhede word teen sewe-agtstes van die munisipale waterverbruik bereken).

(3) Skole en koshuise waar rioolwater per pomp en pypleiding verwyder word: Soos per ooreenkoms.

4. *Verwydering van Karkasse.*

Honde, katte en diere van soortgelyke grootte, elk: R1.

5. *Skoonmaak van Erwe.*

Vir die sny van gras en onkruid deur die Raad op private erwe waar die eienaar versuim het om dit te doen:

Beraamde koste van werk verrig, plus 'n toeslag van 10 % op sodanige bedrag.

Die Sanitêre- en Vullisverwyderingstarief van die Munisipaliteit Balfour, afgekondig by Administrateurskennisgewing 1827 van 6 Desember 1978, soos gewysig, word hierby herroep.

PB. 2-4-2-81-45

Administrateurskennisgewing 811 15 Julie 1981

RANDBURG-WYSIGINGSKEA 353.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 36(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat die Administrateur goedgekeur het dat Randburg-dorpsbeplanningskema, 1976, gewysig word deur die hersonering van Lot 1075, Ferndale van "Residensieel 1" met 'n digtheid van "Een woonhuis per erf" tot "Residensieel 1" met 'n digtheid van "Een woonhuis per 1 500 m²".

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stadsklerk Randburg en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Randburg-wysigingskema 353.

PB. 4-9-2-132H-353

Administrateurskennisgewing 812 15 Julie 1981

PRETORIA-WYSIGINGSKEMA 648.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 36(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe,

2. *Removal of Refuse not Falling under item 1.*

For the removal of bricks, grass, sand, loppings of trees or hedges, garden refuse or any material other than domestic refuse:

Estimated cost of work done, plus a surcharge of 10 % on such amount.

3. *Removal of Sewage and Effluent.*

(1) Where removal of sewage or effluent is done by vacuum tanker:

Per k*l* or part thereof: R1,30.

(2) Where sewage or effluent, except as provided in subitem (3), is pumped into oxidation ponds:

Per k*l* or part thereof: 40,95c (quantity shall be calculated at seven eighths of the municipal water consumed).

(3) Schools and hostels where sewage is removed by pumps and by pipelines: As per agreement.

4. *Removal of Carcasses.*

Dogs, cats and animals of similar size, each: R1.

5. *Cleaning of Erven.*

For the cutting of grass and weeds by the Council on private erven where the owner has failed to do so:
Estimated cost of work done, plus a surcharge of 10 % on such amount.

The sanitary and Refuse Removals Tariff of the Balfour Municipality, published under Administrator's Notice 1827, dated 6 December, 1978, as amended, is hereby revoked.

PB. 2-4-2-81-45

Administrator's Notice 811 15 July, 1981

RANDBURG AMENDMENT SCHEME 353.

It is hereby notfied in terms of section 36(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the Administrator has approved the amendment of Randburg Town-planning Scheme, 1976, by the rezoning of Lot 1075 Ferndale from "Residential 1" with a density of "One dwelling per erf" to "Residential 1" with a density of "One dwelling per 1 500 m²".

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria and the Town Clerk, Randburg and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Randburg Amendment Scheme 353.

PB. 4-9-2-132H-353

Administrator's Notice 812 15 July, 1981

PRETORIA AMENDMENT SCHEME 648.

It is hereby notified in terms of section 36(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that

1965, bekend gemaak dat die Administrateur goedgekeur het dat Pretoria-dorpsbeplanningskema, 1974, gewysig word deur die hersonering van Lot 334, Hermanstad van "Spesiale Woon" met 'n digtheid van "Een woonhuis per 1 000 m²" tot "Spesiaal" vir pakhuise, groothandel en kantore bykomstig tot die hoofgebruik, onderworpe aan sekere voorwaardes.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stadsklerk Pretoria en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Pretoria-wysigingskema 648.

PB. 4-9-2-3H-648

Administrateurskennisgewing 813 15 Julie 1981

SPRINGS-WYSIGINGSKEMA 1/180.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 36(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat die Administrateur goedgekeur het dat Springs-dorpsaanlegskema, 1946, gewysig word deur die skrapping van die volgende voorwaarde in wysigingskema 1/30:

"(i) dat woongeboue 'n minimum hoogte van 2 verdiepings sal wees" waar dit voorkom na die woorde "Subklousules (L) en (M) sal ook onderhewig wees aan die volgende voorwaardes:" en die vervanging daarvan deur die volgende voorwaarde: "(i) Geen gebou moet 2 verdiepings in hoogte oorskry nie."

Die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stadsklerk, Springs en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Springs-wysigingskema 1/180.

PB. 4-9-2-32-180

Administrateurskennisgewing 814 15 Julie 1981

POTCHEFSTROOM-WYSIGINGSKEMA 20.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 36(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat die Administrateur goedgekeur het dat Potchefstroom-dorpsbeplanningskema, 1980, gewysig word deur die hersonering van (a) die Restant van Erf 210 van "Spesiale Woon" met in digtheid van "Een woonhuis per 1 000 m²" en (b) Gedeelte 2 van Erf 210 van "Besigheid 1" met in digtheid van "Een woonhuis per 1 000 m²" beide tot "Besigheid 1" onderworpe aan sekere voorwaardes.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stadsklerk, Potchefstroom en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Potchefstroom-wysigingskema 20.

PB. 4-9-2-26H-20

the Administrator has approved the amendment of Pretoria Town-planning Scheme, 1974, by the rezoning of Lot 334, Hermanstad from "Special Residential" with a density of "One dwelling per 1 000 m²" to "Special" for warehouses, wholesale trade and offices ancillary to the primary use subject to certain conditions.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria and the Town Clerk, Pretoria and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Pretoria Amendment Schema 648.

PB. 4-9-2-3H-648

Administrator's Notice 813 15 July, 1981

SPRINGS AMENDMENT SCHEME 1/180.

It is hereby notified in terms of section 36(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the Administrator has approved the amendment of Springs Town-planning Scheme, 1946, by the deletion of the following condition in Amendment Scheme 1/30:

"(i) Residential Buildings shall be a minimum height of 2 storeys" where it appears after the words "Subclauses (L) and (M) above shall also be subject to the following conditions:" and the substitution therefor of the following condition: "(i) No building shall exceed 2 storeys in height."

The scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria and the Town Clerk, Springs and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Springs Amendment Scheme 1/180.

PB. 4-9-2-32-180

Administrator's Notice 814 15 July, 1981

POTCHEFSTROOM AMENDMENT SCHEME 20.

It is hereby notified in terms of section 36(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the Administrator has approved the amendment of Potchefstroom Town-planning Scheme, 1980, by the rezoning of (a) the Remainder of Erf 210 from "Special Residential" with a density of "One dwelling per 1 000 m²" and (b) Portion 2 of Erf 210 from "Business 1" with a density of "One dwelling per 1 000 m²" both to "Business 1", subject to certain conditions.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria and the Town Clerk, Potchefstroom and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Potchefstroom Amendment Scheme 20.

PB. 4-9-2-26H-20

Administrateurskennisgewing 815 15 Julie 1981

POTGIETERSRUS-WYSIGINGSKEMA 28.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 36(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat die Administrateur goedgekeur het dat Potgietersrus-dorpsaanlegskema, 1962, gewysig word deur die hersonering van Erf 324, Potgietersrus van "Spesiale Woon" met in digtheid van "Een woonhuis per 2 000 m²" tot "Spesiaal" vir 'n parkeergarage en/of ruskamer(s) en openbare geriewe onderworpe aan sekere voorwaardes.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stadsklerk, Potgietersrus en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Potgietersrus-wysigingskema 28.

PB. 4-9-2-27-28

Administrateurskennisgewing 816 15 Julie 1981

PRETORIA-WYSIGINGSKEMA 681.

Die Administrateur verklaar hierby ingevolge die bepalings van artikel 89(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanningskema en Dorpe, 1965, dat hy 'n wysigingskema synde 'n wysiging van Pretoria-dorpsaanlegskema, 1974, wat uit dieselfde grond as die dorp Lynnwood Glen Uitbreiding 2 bestaan, goedgekeur het.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stadsklerk, Pretoria en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Pretoria-wysigingskema 681.

PB. 4-9-2-3H-681

Administrateurskennisgewing 817 15 Julie 1981

VERKLARING TOT GOEDGEKEURDE DORP.

Ingevolge artikel 69 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965 (Ordonnansie 25 van 1965), verklaar die Administrateur hierby die dorp Lynnwood Glen Uitbreiding 2 tot 'n goedgekeurde dorp onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande Bylae.

PB. 4-2-2-3361

BYLAE.

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR D. H. SHAW AND ASSOCIATES (PROPRIETARY) LIMITED INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1965, OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 75 VAN DIE PLAAS HARTEBEESTPOORT 362-J.R., PROVINSIE TRANSVAAL, TOEGESTAAN IS.

1. STIGTINGSVOORWAARDES.

(1) *Naam.*

Die naam van die dorp is Lynnwood Glen Uitbreiding 2.

Administrator's Notice 815 15 July, 1981

POTGIETERSRUS AMENDMENT SCHEME 28.

It is hereby notified in terms of section 36(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the Administrator has approved the amendment of Potgietersrus Town-planning Scheme, 1962, by the rezoning of Erf 324, Potgietersrus from "Special Residential" with a density "One dwelling per 2 000 m²" to "Special" for parking garage and/or rest room(s) and public conveniences subject to certain conditions.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria and the Town Clerk, Potgietersrus and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Potgietersrus Amendment Scheme 28.

PB. 4-9-2-27-28

Administrator's Notice 816 15 July, 1981

PRETORIA AMENDMENT SCHEME 681.

The Administrator hereby, in terms of the provisions of section 89(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, declares that he has approved an amendment scheme, being an amendment of Pretoria Town-planning Scheme, 1974, comprising the same land as included in the township of Lynnwood Glen Extension 2.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria and the Town Clerk, Pretoria and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Pretoria Amendment Scheme 681.

PB. 4-9-2-3H-681

Administrator's Notice 817 15 July, 1981

DECLARATION OF APPROVED TOWNSHIP.

In terms of section 69 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (Ordinance 25 of 1965), the Administrator hereby declares Lynnwood Glen Extension 2 Township to be an approved township subject to the conditions set out in the Schedule hereto.

PB. 4-2-2-3361

SCHEDULE.

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY D. H. SHAW AND ASSOCIATES (PROPRIETARY) LIMITED UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1965, FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 75 OF THE FARM HATEBEESTPOORT 362-J.R., PROVINCE TRANSVAAL, HAS BEEN GRANTED.

1. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT.

(1) *Name.*

The name of the township shall be Lynnwood Glen Extension 2.

(2) *Ontwerp.*

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan L.G. A.6214/180.

(3) *Stormwaterdreinering en Straatbou.*

(a) Die dorpseienaar moet op versoek van die plaaslike bestuur aan sodanige bestuur 'n gedetailleerde skema volledig met planne, deursneë en spesifikasies, opgestel deur 'n siviele ingenieur wat deur die plaaslike bestuur goedgekeur is, vir die opgaar en afvoer van stormwater deur die hele dorp deur middel van behoorlik aangelegde werke en vir die aanlê, teermacadamisering, beranding en kanalisering van die strate daarin tesame met die verskaffing van sodanige keermure, as wat die plaaslike bestuur nodig ag, vir goedkeuring voorlê. Verder moet die skema die roete en helling aandui deur middel waarvan elke erf toegang tot die aangrensende straat verkry.

(b) Die dorpseienaar moet, wanneer dit vereis word deur die plaaslike bestuur, die goedgekeurde skema op eie koste namens en tot voldoening van die plaaslike bestuur onder toesig van 'n siviele ingenieur deur die plaaslike bestuur goedgekeur, uitvoer.

(c) Die dorpseienaar is verantwoordelik vir die instandhouding van die strate tot bevrediging van die plaaslike bestuur totdat die strate ooreenkomstig subklousule (b) gebou is.

(d) Indien die dorpseienaar versuim om aan die bepalings van paragrawe (a), (b) en (c) hiervan te voldoen, is die plaaslike bestuur geregtig om die werk op koste van die dorpseienaar te doen.

(4) *Begiftiging.*

Betaalbaar aan die Transvaalse Onderwysdepartement:

Die dorpseienaar moet kragtens die bepalings van artikel 63(1)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, aan die Transvaalse Onderwysdepartement as begiftiging vir onderwysdoeleindes 'n globale bedrag op die grondwaarde van spesiale woongrond in die dorp betaal, waarvan die grootte bepaal word deur 48,08 m² te vermenigvuldig met die getal wooneenhede wat in die dorp opgerig kan word.

Die waarde van die grond word bepaal kragtens die bepalings van artikel 74(3) en sodanige begiftiging is betaalbaar kragtens die bepalings van artikel 73 van genoemde Ordonnansie.

(5) *Beskikking oor Bestaande Titelvoorwaardes.*

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en serwitute, as daar is, met inbegrip van die voorbehoud van die regte op minerale, maar uitgesonderd:

(a) Die volgende reg wat nie aan die erwe in die dorp oorgedra sal word nie:

"Entitled to a right of way over the whole of that portion of the Remaining Extent of the farm Hartebeestpoort 362, Registration Division J.R., Transvaal, measuring as such 739,8277 hectares held by the said Frank Edward Beattie Struben, under Deed of Transfer No. 4483/1912, dated 27th May, 1912, as is situated between the eastern boundary of the property hereby transferred and the road, commonly referred to as the Military Road, from Voortrekkerhoogte to Cullinan."

Design.

The township shall consist of erven and streets as indicated on General Plan S.G. A.6214/80.

(3) *Stormwater Drainage and Street Construction.*

(a) The township owner shall on request of the local authority submit to such authority for its approval a detailed scheme complete with plans, sections and specifications, prepared by a civil engineer approved by the local authority, for the collection and disposal of stormwater throughout the township by means of properly constructed works and for the construction, tarmacadamising, kerbing and channelling of the streets therein together with the provision of such retaining walls as may be considered necessary by the local authority. Furthermore, the scheme shall indicate the route and gradient by which each erf gains access to the street on which it abuts.

(b) The township owner shall when required to do so by the local authority carry out the approved scheme at its own expense on behalf and to the satisfaction of the local authority under the supervision of a civil engineer approved by the local authority.

(c) The township owner shall be responsible for the maintenance of the streets to the satisfaction of the local authority until the streets have been constructed as set out in subclause (b).

(d) If the township owner fails to comply with the provisions of paragraphs (a), (b) and (c) hereof, the local authority shall be entitled to do the work at the cost of the township owner.

(4) *Endowment.*

Payable to the Transvaal Education Department:

The township owner shall, in terms of the provisions of section 63(1)(a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, pay a lump sum endowment for educational purposes to the Transvaal Education Department on the the land value of special residential land in the township, the extent of which shall be determined by multiplying 48,08 m² by the number of dwelling units which can be erected in the township.

The value of the land shall be determined in terms of the provisions of section 74(3) and such endowment shall be payable in terms of the provisions of section 73 of the said Ordinance.

(5) *Disposal of Existing Conditions of Title.*

All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals, but excluding:

(a) The following right which will not be passed on to the erven in the township:

"Entitled to a right of way over the whole of that portion of the Remaining Extent of the farm Hartebeestpoort 362, Registration Division J.R., Transvaal, measuring as such 739,8277 hectares held by the said Frank Edward Beattie Struben, under Deed of Transfer No. 4483/1912, dated 27th May, 1912, as is situated between the eastern boundary of the property hereby transferred and the road, commonly referred to as the Military Road, from Voortrekkerhoogte to Cullinan."

(b) Onderworpe aan die volgende serwituut wat slegs Erf 746 en 'n straat in die dorp raak:

"The former Remaining Extent of the said farm Hartebeestpoort 362, Registration Division J.R., Transvaal, measuring as such 1463,0866 hectares (of which the property hereby transferred forms a portion) is subject to a right of wayleave for the conveyance of electric energy and a site 9,45 metres by 9,45 metres for use as a sub-station together with ancillary rights, in favour of the City Council of Preotria, as will more fully appear from Notarial Deed No. 463/1931-S, registered on the 12th October, 1931."

(c) Onderworpe aan die volgende serwituut wat slegs Erwe 721 en 731 en strate in die dorp raak:

"The property hereby transferred is subject to a Servitude of Pipe-line ceded to the Republic of South Africa (in its Railways and Harbours Administration) by Deed of Cession No. K.2034/1974-S, registered on the 30th August, 1974."

(d) Onderworpe aan die volgende serwitute wat nie die dorpsgebied raak nie:

"(i) The former Remaining Extent of the said farm Hartebeestpoort, measuring as such 749,6778 hectares (of which the property hereby transferred forms a portion) is subject to a servitude of wayleave in perpetuity to convey electricity across the said Remaining Extent of the said farm, together with ancillary rights, in favour of the Electricity Supply Commission, as will more fully appear from Notarial Deed No. 547/1957-S.

(ii) The former Remaining Extent of the said farm Hartebeestpoort, measuring as such 394,6955 hectares (of which that portion of the property hereby transferred indicated by the figure A'ABCDEN middle of Moreleta Spruit A' on the said Diagram forms a portion) is subject to a servitude of right of wayleave in perpetuity to convey electricity across the said Remaining Extent of the said farm, together with ancillary rights, in favour of the City Council of Pretoria, as will more fully appear from Notarial Deed of Servitude No. 896/1967-S, dated the 16th June, 1966, and registered on the 21st July, 1967.

(iii) The former Remaining Extent of the said farm Hartebeestpoort, measuring as such 394,6955 hectares (of which that portion of the property hereby transferred indicated by the figure A'ABCDEN middle of Moreleta Spruit A' on the said diagram forms a portion) is subject to a servitude of right of wayleave in perpetuity to convey electricity across the said Remaining Extent of the said farm, together with the ancillary rights, in favour of the City Council of Pretoria, as will more fully appear from Notarial Deed of Servitude No. 897/1967-S, dated the 23rd May, 1967, and registered on 21st July, 1967."

(6) *Grond vir Munisipale Doeleindes.*

Erf 746 moet deur en op koste van die dorpseienaar aan die plaaslike bestuur as 'n park oorgedra word.

(b) Subject to the following servitude which affects Erf 746 and a street in the township only:

"The former Remaining Extent of the said farm Hartebeestpoort 362, Registration Division J.R., Transvaal, measuring as such 1463,0866 hectares (of which the property hereby transferred forms a portion) is subject to a right of wayleave for the conveyance of electric energy and a site 9,45 metres by 9,45 metres for use as a sub-station together with ancillary rights, in favour of the City Council of Pretoria, as will more fully appear from Notarial Deed No. 463/1931-S, registered on the 12th October, 1931."

(c) Subject to the following servitude which affects Erven 721 and 731 and streets in the township only:

"The property hereby transferred is subject to a Servitude of Pipe-line ceded to the Republic of South Africa (in its Railways and Harbours Administration) by Deed of Cession No. K.2034/1974-S, registered on the 30th August, 1974."

(d) Subject to the following servitudes which do not affect the township area:

"(i) The former Remaining Extent of the said farm Hartebeestpoort, measuring as such 749,6778 hectares (of which the property hereby transferred forms a portion) is subject to a servitude of wayleave in perpetuity to convey electricity across the said Remaining Extent of the said farm, together with ancillary rights, in favour of the Electricity Supply Commission, as will more fully appear from Notarial Deed No. 547/1957-S.

(ii) The former Remaining Extent of the said farm Hartebeestpoort, measuring as such 394,6955 hectares (of which that portion of the property hereby transferred indicated by the figure A'ABCDEN middle of Moreleta Spruit A' on the said diagram forms a portion) is subject to a servitude of right of wayleave in perpetuity to convey electricity across the said Remaining Extent of the said farm, together with ancillary rights, in favour of the City Council of Pretoria, as will more fully appear from Notarial Deed of Servitude No. 896/1967-S, dated the 16th June, 1966, and registered on the 21st July, 1967.

(iii) The former Remaining Extent of the said farm Hartebeestpoort, measuring as such 394,6955 hectares (of which that portion of the property hereby transferred indicated by the figure A'ABCDEN middle of Moreleta Spruit A' on the said diagram forms a portion) is subject to a servitude of right of wayleave in perpetuity to convey electricity across the said Remaining Extent of the said farm, together with ancillary rights, in favour of the City Council of Pretoria, as will more fully appear from Notarial Deed of Servitude No. 897/1967-S, dated the 23rd May, 1967, and registered on 21st July, 1967."

(6) *Land for Municipal Purposes.*

Erf 746 shall be transferred to the local authority by and at the expense of the township owner as a park.

(7) *Toegang.*

(a) Geen ingang van Provinsiale Pad 1314 tot die dorp en geen uitgang tot Provinsiale Pad 1314 uit die dorp word toegelaat nie.

(b) Ingang van Provinsiale Pad 38 tot die dorp en uitgang tot Provinsiale Pad 38 uit die dorp word beperk tot die aansluiting van die straat tussen Erwe 719 en 720 met sodanige pad.

(c) Die dorpseienaar moet op eie koste 'n meetkundige uitlegontwerp (skaal 1:500) van die in- en uitgangspunte genoem in (b) hierbo en spesifikasies vir die bou van die aansluitings laat opstel en voorlê aan die Direkteur van die Transvaalse Paaiedepartement vir goedkeuring. Die dorpseienaar moet, nadat die ontwerp en spesifikasies goedgekeur is, die toegang op eie koste bou tot bevrediging van die Direkteur van die Transvaalse Paaiedepartement.

(8) *Ontvangs en Versorging van Stormwater.*

Die dorpseienaar moet die dreinering van die dorp so reël dat dit inpas by die dreinering van Paaie 38 en 1314 en moet die stormwater wat van die paaie afloop of afgelei word, ontvang en versorg.

(9) *Verpligtinge ten Opsigte van Noodsaaklike Dienste.*

Die dorpseienaar moet binne sodanige tydperk as wat die plaaslike bestuur mag bepaal, sy verpligtinge met betrekking tot die voorsiening van water, elektrisiteit en sanitêre dienste en die installering van stelsels daarvoor soos vooraf ooreengekom tussen die dorpseienaar en die plaaslike bestuur, nakom.

2. TITELVOORWAARDES.

Die erwe met uitsondering van die erf genoem in klousule 1(6) is onderworpe aan die volgende voorwaardes opgelê deur die Administrateur ingevolge die bepalings van Ordonnansie 25 van 1965.

(i) Die erf is onderworpe aan 'n serwituut 2 m breed, vir riolerings- en ander munisipale doeleindes, ten gunste van die plaaslike bestuur, langs enige twee grense, uitgesonderd 'n straatgrens, indien en wanneer verlang deur die plaaslike bestuur: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur van enige sodanige serwituut mag afsien.

(ii) Geen gebou of ander struktuur mag binne die voornoemde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 'n afstand van 2 m daarvan geplant word nie.

(iii) Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke wat hy volgens goeddunke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voornoemde serwituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel, onderworpe daaraan dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwyderings van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke veroorsaak word.

(7) *Access.*

(a) No ingress from Provincial Road 1314 to the township and no egress to Provincial Road 1314 from the township shall be allowed.

(b) Ingress from Provincial Road 38 to the township and egress to Provincial Road 38 from the township shall be restricted to the junction of the street between Erven 719 and 720 with the said road.

(c) The township owner shall at its own expense, submit a geometric design lay-out (scale 1:500) of the ingress and egress points referred to in (b) above, and specifications for the construction of the accesses, to the Director, Transvaal Roads Department for approval. The township owner shall after approval of the lay-out and specifications, construct the said ingress and egress points at its own expense to the satisfaction of the Director, Transvaal Roads Department.

(8) *Acceptance and Disposal of Stormwater.*

The township owner shall arrange for the drainage of the township to fit in with the drainage of Roads 38 and 1314 and for all stormwater running or being diverted from the roads to be received and disposed of.

(9) *Obligations in Regard to Essential Services.*

The township owner shall within such period as the local authority may determine, fulfill his obligations in respect of the provision of water, electricity and sanitary services and the installation of systems therefor, as previously agreed upon between the township owner and the local authority.

2. CONDITIONS OF TITLE.

The erven, with the exception of the erf mentioned in clause 1(6), shall be subject to the following conditions imposed by the Administrator in terms of the provisions of Ordinance 25 of 1965.

(i) The erf is subject to a servitude, 2 m wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along any two boundaries other than a street boundary if and when required by the local authority: Provided that the local authority may dispense with any such servitude.

(ii) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 2 m thereof.

(iii) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it, in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process to the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

Administrateurskennisgewing 818 15 Julie 1981

Ingevolge artikel 42(1) van die Ordonnansie op Natuurbewaring, 1967 (Ordonnansie 17 van 1967), wysig die Administrateur hierby die jaggebied van die Machadodorp Probleemdierjagklub deur Gedeelte 18 ('n gedeelte van Gedeelte 3) van die plaas Somerset 150-J.T. en Gedeelte 1 van die plaas Mooiplaats 297-J.T. uit te sluit.

Administrateurskennisgewing 819 15 Julie 1981

Ingevolge artikel 42(1) van die Ordonnansie op Natuurbewaring, 1967 (Ordonnansie 17 van 1967), wysig die Administrateur hierby die jaggebied van die Roodekrans Probleemdierjagklub deur die plaas Hendrikspan daarvan uit te sluit.

Administrateurskennisgewing 820 15 Julie 1981

TOE-SEISOEN: GEWONE WILD: WYSIGING.

Ingevolge artikel 8 van die Ordonnansie op Natuurbewaring, 1967 (Ordonnansie 17 van 1967), wysig die Administrateur hierby die verklaring by Administrateurskennisgewing 485 van 30 April 1981 van die tydperk 1 Mei 1981 tot 30 April 1982 tot 'n toe-seisoen deur in paragraaf (a) van item 40 van Bylae 1 en van Bylae 2 by genoemde Administrateurskennisgewing die uitdrukking "Cambridge 184-K.T.;" deur die uitdrukking "Cambridge 184-K.T., uitgesonderd Gedeelte 7;" te vervang.

Administrateurskennisgewing 821 15 Julie 1981

ORDONNANSIE OP LISENSIES, 1974 (ORDONNANSIE 19 VAN 1974): WYSIGING VAN DIE LISENSIEGEBIED VAN DIE LISENSIERAAD VAN DIE TRANSVAALSE RAAD VIR DIE ONTWIKKELING VAN BUITESTEDELIKE GEBIEDE.

Ingevolge die bepalings van artikel 3(2) van die Ordonnansie op Lisensies, 1974 (Ordonnansie 19 van 1974), verander die Administrateur hierby die lisensiegebied van die Lisensieraad van die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede soos omskryf in die Bylae by Administrateurskennisgewing 1869 van 26 November 1980, deur genoemde omskrywing deur die volgende omskrywing te vervang:

"Die munisipaliteit van Midrand en daardie gedeeltes van die munisipaliteit van die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede wat in die landdrosdistrikte Alberton, Benoni, Bethal, Brakpan, Brits, Bronkhorstspruit, Cullinan, Delmas, Germiston, Heidelberg, Hoëveldrif, Johannesburg, Kemptonpark, Krugersdorp, Middelburg (Tvl.), Nigel, Oberholzer, Pretoria, Randburg, Randfontein, Roodepoort, Springs, Vanderbijlpark, Vereeniging, Westonaria, Witbank en Wonderboom is.".

T.W. 8-7-3-83

Administrateurskennisgewing 822 15 Julie 1981

AANSOEK OM DIE VERLEGGING VAN 'N ONGENOMMERDE OPENBARE PAD: DISTRIK ELLISRAS.

Met die oog op 'n aansoek wat van mnr. J. C. Nortjé ontvang is vir die verlegging van 'n ongenommerde

Administrator's Notice 818 15 July, 1981

In terms of section 42(1) of the Nature Conservation Ordinance, 1967 (Ordinance 17 of 1967), the Administrator hereby amends the hunting area of the Machadodorp Problem Animal Club by excluding therefrom Portion 18 (a portion of Portion 3) of the farm Somerset 150-J.T. and Portion 1 of the farm Mooiplaats 297-J.T.

Administrator's Notice 819 15 July, 1981

In terms of section 42(1) of the Nature Conservation Ordinance, 1967 (Ordinance 17 of 1967), the Administrator hereby amends the hunting area of the Roodekrans Problem Animal Club by excluding the farm Hendrikspan therefrom.

Administrator's Notice 820 15 July, 1981

CLOSE SEASON: ORDINARY GAME: AMENDMENT.

In terms of section 8 of the Nature Conservation Ordinance, 1967 (Ordinance 17 of 1967), the Administrator hereby amends the declaration by Administrator's Notice 485 of 30 April, 1981 of the period 1 May, 1981 to 30 April, 1982 as close season by the substitution in paragraph (a) of item 40 of Schedule 1 and of Schedule 2 to the said Administrator's Notice for the expression "Cambridge 184-K.T.;" of the expression "Cambridge 184-K.T., excluding Portion 7;".

Administrator's Notice 821 15 July, 1981

LICENCES ORDINANCE, 1974 (ORDINANCE 19 OF 1974): ALTERATION OF THE LICENSING AREA OF THE LICENSING BOARD OF THE TRANSVAAL BOARD FOR THE DEVELOPMENT OF PERI-URBAN AREAS.

In terms of the provisions of section 3(2) of the Licences Ordinance, 1974 (Ordinance 19 of 1974), the Administrator hereby alters the licensing area of the Licensing Board of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas, as defined in the Schedule to Administrator's Notice 1869 of 26 November, 1980, by the substitution for the said definition of the following definition:

"The municipality of Midrand and those portions of the municipality of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas which are situated in the Magisterial Districts of Alberton, Benoni, Bethal, Brakpan, Brits, Bronkhorstspruit, Cullinan, Delmas, Germiston, Heidelberg, Highveld Ridge, Johannesburg, Kempton Park, Krugersdorp, Middelburg (Tvl.), Nigel, Oberholzer, Pretoria, Randburg, Randfontein, Roodepoort, Springs, Vanderbijlpark, Vereeniging, Westonaria, Witbank and Wonderboom.".

T.W. 8-7-3-83

Administrator's Notice 822 15 July, 1981

PROPOSED DEVIATION OF A UNNUMBERED PUBLIC ROAD: DISTRICT OF ELLISRAS.

In view of an application received from Mr. J. C. Nortjé for the deviation of an unnumbered public road

openbare pad oor die plaas Pentonvilla 430-L.Q., distrik Ellisras, is die Administrateur van voorneme om ingevolge artikel 29 van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie 22 van 1957), op te tree.

Enige persoon kan binne dertig dae van die datum van publikasie van hierdie kennisgewing die redes vir sy besware teen die verlegging, skriftelik indien by die Streekbeampte, Privaatsak X9378, Pietersburg. Die aandag van beswaarmakers word op die bepalings van artikel 29(3) van genoemde Ordonnansie gevestig.

DP. 03-030-23/24/P-3

Administrateurskennisgewing 823 15 Julie 1981

AANSOEK OM DIE VERLEGGING VAN 'N OPENBARE PAD: DISTRIK ELLISRAS.

Met die oog op 'n aansoek wat van mnr. C. L. Pieters ontvang is vir die verlegging van 'n openbare pad oor oor die plaas Goedehoop 39-L.Q., distrik Ellisras, is die Administrateur van voorneme om ingevolge artikel 29 van die Padordonnansie, 1957, op te tree.

Enige persoon kan binne dertig dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing sy redes vir sy besware teen die verlegging, skriftelik indien by die Streekbeampte, Privaatsak X9378, Pietersburg

Die aandag van beswaarmakers word op die bepalings van artikel 29(3) van genoemde ordonnansie gevestig.

DP. 03-030-23/24/G-4

Administrateurskennisgewing 824 15 Julie 1981

SLUITING VAN UITSPANNING OP DIE PLAAS KORANNAFONTEIN 350-I.O.: DISTRIK DELAREYVILLE.

Ingevolge die bepalings van artikel 55(1)(d) van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie 22 van 1957) sluit die Administrateur die opgemete uitspanning wat 4,2827 hektaar groot is soos aangetoon op L.G. Kaart A390/68 en op Gedeelte 50 ('n gedeelte van Gedeelte 24) van die plaas Korannafontein 350-I.O., distrik Delareyville, geleë is.

U.K.B. 751 gedateer 1981-06-16
DP. 07-075D-37/3/K28

Administrateurskennisgewing 825 15 Julie 1981

INTREKKING VAN OPENBARE STATUS VAN PROVINSIALE PAD P120-1 BINNE DIE MUNISIPALE GEBIED VAN WITBANK.

Die Administrateur verklaar hiermee, ingevolge die bepalings van artikel 5(1A) van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie 22 van 1957), dat die gedeelte van Provinsiale pad P120-1 wat binne die munisipale gebied van Witbank geleë is en soos aangetoon op bygaande sketsplan nie langer 'n openbare pad vir doeleindes van genoemde ordonnansie is nie.

U.K.B. 115 (64) gedateer 22 Januarie 1980
DP. 01-015W-23/25

over the farm Pentonvilla 430-L.Q., district of Ellisras, the Administrator intends taking action in terms of section 29 of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance 22 of 1957).

Any person may lodge his objection to the proposed deviation within thirty days from the date of publication of this notice in writing with the Regional Officer, Private Bag X9378, Pietersburg. The attention of objectors is drawn to the provisions of section 29(3) of the said ordinance.

DP. 03-030-23/24/P-3

Administrator's Notice 823 15 July, 1981

PROPOSED DEVIATION OF A PUBLIC ROAD: DISTRICT OF ELLISRAS.

In view of an application received from Mr. C. L. Pieters for the deviation of a public road over the farm Goedehoop 39-L.Q., district of Ellisras, the Administrator intends taking action in terms of section 29 of the Roads Ordinance, 1957.

Any person may lodge his objections to the proposed deviation within thirty days from date of publication of this notice in writing with the Regional Office, Private Bag X9378, Pietersburg.

The attention of objectors is drawn to the provisions of section 29(3) of the said ordinance.

DP. 03-030-23/24/G-4

Administrator's Notice 824 15 July, 1981

CLOSING OF OUTSPAN ON THE FARM KORANNAFONTEIN 350-I.O.: DISTRICT OF DELAREYVILLE.

In terms of the provisions of section 55(1)(d) of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance 22 of 1957), the Administrator hereby closes the surveyed outspan which is 4,2827 hectare in extent as shown on S.G. Diagram A390/68 and situated on Portion 50 (a portion of Portion 24) of the farm Korannafontein 350-I.O., district of Delareyville.

E.C.R. 751 dated 1981-06-16
DP. 07-075D-37/3/K28

Administrator's Notice 825 15 July, 1981

REVOCATION OF PUBLIC STATUS OF PROVINCIAL ROAD P120-1 WITHIN THE MUNICIPAL AREA OF WITBANK.

The Administrator hereby declares,, in terms of the provisions of section 5(1A) of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance 22 of 1957) that the section of Provincial Road P120-1 which is situated within the municipal area of Witbank and as shown on the subjoined sketch plan, shall no longer be a public road for the purposes of the said ordinance.

E.C.R. 115(64) dated 22 January, 1980
DP. 01-015W-23/25

F. LOUIS TRICHARDT.

